

Tempelbome

Psalm 92 vergelyk gelowiges met twee kosbare bome, naamlik PALMBOME en SEDERBOME. Omdat palmbome gewoonlik by 'n oase in die woestyn gegroei het, is baie moeë reisigers deur hierdie bome van 'n dorsdood gered. Hier kon hulle teen die brandende son skuil. Sederbome wat op die Libanonberg gegroei het, het kosbare hout opgelewer. Die mure van die tempel is daarmee gepaneel.

Die Psalmdigter vergelyk gelowiges met hierdie twee besondere boomsoorte. Ons moet soos palmbome wees wat moeë reisigers op die woestynpad van hierdie lewe nader lok na die Lewende Water, Jesus Christus. Uit ons lewens moet mense wat sonder hoop is, kan sien dat daar verlossing vir ellendige sondaars is. Ons lewens moet soos blink gepoleerde sederhout wees.

Waarom kan ons, wat nog steeds tot die sonde geneig is, ons wat daaglik nog teen God oortree, dan palm- en sederbome wees? Ons kan dit net wees omdat ons in die huis van God geplant is en in die voorhowe van God groei (vers 14 '53-vertaling).

Wie het ons daar geplant? God het dit uit genade gedoen deur sy eniggebore Seun te stuur om ons uit die bodem van ons sonde en ellende uit te grawe. En die Heilige Gees het ons in die vrugbare grond van sy genade kom inplant. Nou groei ons en dra vrugte uit genade. Nou kan ons ander nadertrek na Hom toe. Nou kan ons skaduwee en water aan moeë reisigers op die woestynpad gee.

Is jy soos 'n palm- en sederboom? Is jy diep en vas geplant in die bodem van God se genade? Lok jou lewe ander sondaars na die Lewende Water?

Sing: Psalm 92:6 en 7

Ds. A.P. Krüger (Vanderbijlpark)